



Program / Programme

Unless stated differently, meetings start at 14h00 (2 pm)

- 25 September:** Erfenisdag Maandag 25 September 2006
Uitstalling by die Cultivaria Kultuurfees in die Paarl.
Tyd: 09h00 - 18h00
- 14 October:** Visit to the Mostert Mill and associated grave yard. For
logistical reasons it is essential to book by 25 September.
Find out more when booking with Glenda Raad:
glenraad@mweb.co.za or tel. 021 683 5506 or 083 285 7843
- 11 November:** PINELANDS library: Year-end get-together

Kom ons gaan Paarl toe vir Erfenisdag

Omdat die Kasteel ongelukkig geen program aanbied op Erfenisdag nie, het ons besluit om aan te sluit by die Cultivaria-kultuurfees in die Paarl.

Ander instansies soos die Iziko-Museum en verskeie biblioteke sal ook daar uitstallings hê. Afgesien van ons eie deelname, sal die lede dit dus interessant vind om te kom kyk wat alles daar te sien is. Die kultuurfees duur van 09h00 tot 18h00 en wel op Maandag 25 September—aangesien die 24ste 'n Sondag is.

L.W. dit is in die Boland-Krieketstadion in die Paarl, langs die N1 net voor die tolhek na Worcester, nie die stadion in Wellington nie.

Om daar te kom op N1 vanaf Kaap

Draai links af by Afrit 59 (Wellington/Franschoek) op R303 (Jan van Riebeeck) en ry ongeveer 2,4 km tot by die sirkel.

Dan om die sirkel na regs (Langenhoven) ongeveer 4,3 km oor die kruising (Lustigan- en Van der Stelweg).

Die krieketstadion is op regterkant.

Alternatiewe roete:

Op N1 vanaf Kaap

Draai links by Afrit 62

Links by 4-rigting stop in Langenhoven

Die krieketstadion is op linkerkant.

Margaret Cairns- prys toegeken— twee lede deel



Gerhard Geldenhuys



Nico Walters

Daar is 'n hele aantal nominasies ontvang vir 2005 se MC-prys en die gehalte was van so 'n aard dat twee wenners aangewys is. Op die Julievergadering het Nico Walters en Gerhard Geldenhuys dus die trofee gesamentlik ontvang.

Gerhard Geldenhuys is besig om waardevolle werk te doen in samewerking met medici wat oorerflike siektes bestudeer. Hy span by voorbeeld sy kundigheid as

- vervolg op p. 2

Committee members

Chairman:

Nico Gey v Pittius
021 889-5054; ngvp@sun.ac.za

Secretary:

Fred Deas
021939-2386; freddeas@telkomsa.net

Treasurer:

Glenda Raad 021 683-5506
Glenraad@mweb.co.za

Cemeteries:

Marianne Meyer
021 976-9710;cornerstonep@mweb.co.za

Country member:

David de Klerk
023 342-8044; mdavid@artslink.co.za

Library:

Yvonne Robinson; 021 939- 2675
yrobenson@absamail.co.za

Addisonal member:

Ria van den Heever 021 930-1525
riavdh@absamail.co.za (no attachments)

. and other contacts

IT:

James Butler
021 976-2493; truble@iafrica.com

Refreshments:

Mariana Olivier - she will 'phone you

Capensis:

Sasa Malan
021 887-4487; sasamalan@bigfoot.com

Distribution: Max White

021 785-1650

Subscription: Glenda Raad

021 683-5506 glenraad@mweb.co.za
P.O. Box 4674, TYGERVALLEI 7536

This **Newsletter** was compiled on behalf of the
Committee by Sasa Malan, 021 887-4487

**Sharing the results of
one's genealogical
investigations, doubles the
satisfaction.**

**“Capensis” offers an
appreciative readership for
your family sagas as well as
the little stories.**

**Contact Sasa Malan (address
above) or Gerhard
Geldenhuis at 021 887 1639.**

MC-prys toegeken

- *Vervolg van p. 1*

genealogiese navorser in om individue wat gevaar loop om aan sulke siektes te ly, op te spoor sodat hulle voorsorg daarteen kan tref.

Sy deeglike kennis van die Overbergse families – waartoe hyself ook behoort – het hom goed bekwaam vir die ontrafeling van verwantskappe in hierdie gemeenskap waaruit die takke wyd en syd deur die land versprei het.

Verder is by sy toekenning ook die vier artikels wat hy gedurende die jaar in “Capensis” gepubliseer het, in ag geneem.

'n Groot deel van sy artikels is gegrond op oorspronklike argief-navorsing en onderhoude met mense; dit lewer 'n bydrae tot ons genealogiese kennis, tot die geskiedenis van verskillende gemeenskappe en dus die mikro-geskiedenis van die Wes-Kaap. Die inligting wat hy uit publikasies versamel het, is in nuwe verband weergegee. Daar het in 2005 in al vier uitgawes van “Capensis” een van sy artikels verskyn.

Nico Walters is bekroon vir sy werk “Die Walters-diaspora en Familieboek” wat in die loop van 2005 verskyn het.

Die boek beslaan 291 bladsye en kom onses insiens, sê die beoordelaars, naby aan die ideale familie-register: dit getuig van deeglike oorspronklike navorsing in primêre bronne en 'n wetenskaplike benadering wat betref die hantering en erkenning van sy bronne.

Verder bevat die boek ook 'n groot gedeelte van Kaapse geskiedenis, veral aangesien die familie primêr 'n Kaapse familie is en 'n groot gedeelte van die familie-geskiedenis in die Kaap afgespeel het.

Die boek bevat 'n voorwoord, tien hoofstukke beskrywende teks en die geslagsregisters in hoofstuk elf. Verder is daar ten slotte 'n “naamgesorteerde indekslys” en die lys verwysings na die bronne wat die outeur geraadpleeg het.

Die boek is 'n goeie voorbeeld van 'n familieboek wat nie net 'n geslagregister insluit nie, maar 'n volledige beskrywing gee van die herkoms van die stamvader en voorts 'n uiteensetting van die nageslag gee. Sy navorsing oor die eiendomme waar sommige familieleden gewoon het (in die Kaap) en die insluiting van talle tersaaklike illustrasies en foto's is indrukwekkend en getuig van deeglike navorsing. Die werk bevat interessante leestof en selfs 'n buitestaander wat geen verband met die familie Walters het nie, sal dit die moeite werd vind om te lees.

Artikels gebaseer op die navorsing deur die twee wenners verskyn binnekort in “Capensis”

In the Maitland cemetery time is quietly running out



There is peace amongst the graves in the Maitland cemetery and an atmosphere of resignation while the headstones are surely and not very slowly falling into decay. It seems as if nobody cares about the information sinking into oblivion together with the beautiful headstones.

There is however a handful, only a few more than five, of Branch members who have been putting in a lot of effort to copy the inscriptions and sending it to the central Gravestone Project of the GSSA so that the information can be preserved for posterity.

It is one of the wonders of our modern society that these few people keep on going there every once in a while under the impression that they will eventually succeed in documenting this vast number of headstones.

A quick count of members living close enough to Maitland to get there after less than an hour's drive on a Saturday morning shows at least 60. However, there has never in the past five years been more than ten people helping to record the Maitland cemetery.

Naturally the chances of finding one's own family there is slim. But who of us have not discovered relevant information that was recorded selflessly by somebody in another part of the country—or the world for that matter?

Besides, it is fun to join and one is back home in the early afternoon.

Marianne Meyer is coordinator of this effort. To offer help, she can be contacted at 021 976-9710; or cornerstonep@mweb.co.za

New in the library

Yvonne Robinson reports on the following donations of books to the library. We are most thankful for members who enrich our library in this way, she says. It is very much worth one's while to investigate the sources in our midst. Yvonne is usually right there to ask. (A long list of our books was published recently in this Newsletter.)

The following donated by **Marilyn Coetzee**:

Buckle, Denys: "The Vincents of Mossel Bay." Southern Publishing Association 1986

Molyneux, Dr CJ and Callaghan, Mr M: The Divisional Council of the Cape: "Report on the Overseas Study Tour of Cemeteries and Crematoria" : 1984.

Cape Town June 1985, P O Box 1073, Cape Town 8000, RSA

"The Farmer's Weekly": Special Supplement to The Farmer's Weekly of 12th September 1917: The Cape Sundays River Settlements Limited. Addo, Cape Province. (An article and photographs on the Addo Water Scheme).

The National Library of South Africa: "Quarterly Bulletin" - January-March 2004 - Vol. 58 no. 1 Published by the Friends of the National Library of South Africa, P O Box 496, Cape Town 8000. Editor P R Coates. ISSN 1562-9392

The following donated **Martie du Toit**:

Van Rooyen, Engela, Malan, J C; and du Toit, Martie: "Van Amsterdam tot Noordkaap." Stambloom van Anthonius van Rooyen - 1830-2006. Die Van Rooyens van Clanwilliam, Calvinia, Brandvlei, Kenhardt, Grootrivier. Privaat Publikasie deur die Redaksie, April 2006, Pretoria.

Andre Heydenrych donated the 17 Familia's to fill in the gaps of the uncompleted sets given to us by John Schroeder and David de Klerk. (See Newsletter 2/2006)



Op 'n onlangse vergadering

Links: Dr Helena Liebenberg vertel hoe interessant sy en haar kollegas dit vind om die boedelinventarisie in die Kaapse Argief te transkribeer. Dit is deel van die TANAP-onderneming, gesteun deur die Nederlandse regering, om VOC-dokumente toeganklik te maak. Helena het belowe om later vir "Capensis" 'n artikel oor die onderwerp by te dra.

Onder: Lede luister na Helena Liebenberg in die saal van die Goodwood-biblioteek waar ons deesdae meer dikwels vergader. Hier is parkering gratis en veilig terwyl dit in Pinelands al moeiliker raak.

Foto's: Marianne Meyer



New members

We recently welcomed the following new members to our our Branch of the GSSA:

Eugene du Toit, Johan du Toit, Hilary Burger, Abie du Plessis, Dr Uwe Kersandt, Lloyd Heys, Gerty Leask, Aubrey van Biljon, Vince Rayne, JWL van Aswegen, David Bradley, Johan Claassen and Steve Harding.

Now ready for Powerpoint presentations

We have entered the 21st Century by acquiring a digital projector that can handle the Powerpoint presentations which are becoming increasingly popular. So far we had to search around to borrow or hire a suitable projector when speakers wanted to use their computerised presentations.

The Committee is most grateful for the help they had from Eugene du Toit in finding the right projector. Eugene only recently joined the GSSA.

Please remember!

If you have not paid your membership fees for 2006, may we remind you that it is almost time to pay for 2007. (Membership: R100, "Capensis": R70 p.a.)

BANKING DETAILS:

Genealogical Society of S A, Western Cape
NEDBANK account No. 1039 053688
Branch: TYGER VALLEY 103-910

For instant confirmation please send a copy of deposit made to Glenda Raad

Fax (021) 671 1463 or E-mail glenraad@mweb.co.za
Cheques can be send to the Branch address on p.1

